



E.L.P. STALS (red.). *Afrikaners in die Goudstad II : 1924-1961*. HAUM Opvoedkundige Uitgewery: Pretoria, 1986. 220 pp. Geïll. Prys onvermeld. ISBN 0 7986 1850 7.

In die eerste deel van die Randse Afrikaanse Universiteit se navorsingsprojek oor die geskiedenis van die Afrikaners aan die Witwatersrand is die Afrikaner se ontworteling, verarming en verlies van politieke onafhanklikheid ondersoek. In die tweede band word die Afrikaners se "ontworsteling aan hierdie negatiewe faktore", soos dit in die voorwoord gestel word, behandel. Die hooftema van hierdie werk is die wyse waarop Afrikanerleiers, -organisasies en -instansies hul groep se belange (soms teen wil en dank) op politieke, kulturele, ekonomiese en kerklike gebied bevorder het.

Die redakteur en sy navorsers het 'n moeilike taak aangepak: om 'n integrale geskiedenis van die Afrikaners in Johannesburg saam te stel, bring nie slegs onvermydelike metodologiese en struktureringsprobleme mee nie, maar dwing ook die historikus om opnuut na die aard van die Afrikanerdom in 'n oorgangsfase te kyk.

Nieteenstaande die navorsers se toegewydheid, opvallende strewe na onbevangenheid en die omvangrykheid van die navorsing, kan 'n mens nie aan die indruk ontkom nie dat hierdie boek 'n 'amptelike' en 'formele' geskiedenis van die Afrikaners in Johannesburg is. Dit is 'n geskiedenis van wat Afrikaner-kultuurleiers, -predikante en -politici van die Afrikaners gedink en verwag het; die Afrikaners se belewing van die ingrypende veranderings in hul lewe kom selde of nooit ter sprake. Self kom hulle ook nie aan die woord nie: 'n mens verneem nie wat hulle gedink en hoe hulle daagliks geleef het nie. Tog word heelwat inligting verstrek oor die ideale, strewes en veral vooroordele van die Afrikaners se woordvoerders (wat nie altyd 'organies' aan die Afrikanerwerkers verbonde of selfs Johannesburgers was nie), soos onder andere J.R. Albertyn, A. Hertzog, H.F. Verwoerd en P.J. Meyer.

Die geskiedenis van die Afrikaners word feitlik deurgaans deur die oë van Afrikanerleiers gesien. So byvoorbeeld word 'n verhaal aangehaal wat in September 1940 tydens 'n NGK-armsorgkonferensie vertel is: "Hier en daar moes die vrou maar vir die koelie gaan was, omdat die man nog nie vandag werk kon kry nie. En hier en daar het 'n vrou met die koelie getrou, omdat hy die enigste is wat daar vir haar altyd goed was. Op 'n ander plek het 'n vrou die heillose verbastering gesien met swart en geel van haar eie dogters..." (p.30). Die optrede van sommige Afrikaners word dus hier verdoem, omdat dit nie met die opvattings van Afrikanerleiers en -organisasies gestrook het nie. Tog word nagelaat om te verklaar waarom daar Afrikaners was wat nie die Afrikanerleiers se strewe na 'bloedsuiwerheid' onderskryf het nie. Insgelyks word die Nasionale Raad van Trustees se veldtog teen Solly Sachs en die Garment Workers' Union breedvoerig bespreek, dog die verskynsel dat party Afrikaners nie hul volksleiers se afkeer van kommunisme gedeel het nie, word nie nader toegelig nie.

Dit bring 'n ander tekortkoming van hierdie werk ter sprake: die Afrikaners word te monolities voorgestel. Hoewel die verdeeldheid en stratifikasie wat verstedeliking in Afrikanergeledere meegebring het nie grondig ondersoek word nie, blyk dit tog duidelik uit die navorsing dat daar nie gedurende die tydperk 1924-1961 van "die Afrikaner" in Johannesburg gepraat kan word nie. Dit was eerder 'n heterogene groep ontwrigte mense wat nie altyd dieselfde doelstellings en ideale nagestreef het nie.

Ondanks die leemtes het die redakteur en sy navorsers in hierdie werk temas aangeraak wat verder nagevors kan word. Maar op die keper beskou, is hierdie hoofsaaklik 'n geskiedenis van die wyse waarop Afrikanerleiers, -instellings en -organisasies hulle beywer het om sosiale apartheid as 'n voorvereiste vir "christelike volksbestaan" te bevorder. Die Afrikaners bly skadufigure, weggesteek in Vrededorp en Fordsburg.

*J.T. DU BRUYN*
*Universiteit van Suid-Afrika*